AMELIA NASORGSENTRUM

Amelia is ‘n nasorgsentrum in Richardsonstraat (baie naby aan ons kerkgebou) vir volwasse gestremdes wat nie in die gewone werksmag opgeneem kan word nie. Daar is vier van ons gemeente se lidmate wat inwoners van Amelia is en ons kan baie doen om hulle te ondersteun.

Die meeste van Amelia se inwoners woon permanent in koshuise en word daagliks van drie etes voorsien. Die sentrum is selfstandig en behalwe vir hulp van die staat moet fondse self gegenereer word.

In die sentrum is daar verskillende werkswinkels waar die inwoners opgelei word om sweis- en houtwerk te doen, houtmeubels word herstel en draadmeubels afgeskuur en geverf. In die naaldwerkklas word allerlei vaardighede geleer en in die meer kreatiewe klasse word gekonsentreer op die ontwikkelling en instandhouding van handvaardighede.
Uiteraard het die afgelope grendeltyd ook aan die behoeftes van Amelia groot eise gestel en word dit maandeliks al moeiliker om in alles te voorsien.

Die Diakonie doen graag ‘n beroep op die Oosdoppers om te help om in van hierdie behoeftes te voorsien.
Van die volgende nie-bederfbare voedsel word maandeliks groot hoeveelhede gebruik: mieliemeel, hawermout, rys, tamatiesous, pasta, blikkies boontjies en tamatie-en-uie mengsel, Ricoffy, gewone en rooibostee, suiker, margarien, olie en koekmeel.
Die volgende basiese toiletware word ook maandeliks aangekoop: deodorant, seep, sjampoe, lyfroom, skeermesse, tandeborsels, tandepasta en papiersakdoeke.
Die Diakonie sal van volgende Sondag af kartonhouers agter in die kerk vir bydraes plaas.
Onthou ook dat allerlei herstelwerk teen ‘n geringe fooi in die werkswinkels gedoen word.

DANKBAARHEIDSFEES!!

Een van die geheime van ‘n gelukkige lewe is dankbaarheid. As ons dit kan reg kry om met dankbaarheid te leef, verander dit die wêreld vir ons. Begin ons verby die dinge kyk wat die lewe vir ons moeilik maak en sien ons die seën wat ons het, raak?

Na amper twee jaar van beproewing nooi ons u hartlik uit om as gemeente saam fees te vier en God te dank vir sy genade, goedheid en seën.
Hou die datum van 30 Oktober oop vir ons Dankbaarheidsfees. U wil dit nie mis nie.

23 OKTOBER: SENIOR KUIEROGGEND!

ONDERSTEUN ASB CACHET-GEMEENTE

Tweedehandse klere kan by ons eie kerkkantoor afgegee word - hulle sal dit hier kom oplaai.